

READ THE LABEL BEFORE USE.

CALIBRE® SC

'N SUSPENSIE KONSENTRAAT ONKRUIDDODER VIR VOOR- EN NA-OPKOMSBEHEER VAN SEKERE EENJARIGE GRAS- EN BREËBLAARONKRUIDE IN MIELIES.

WAT MAAK CALIBRE® SC UNIEK?

- Calibre® SC het beide voor- en na-opkoms registrasies
- Calibre® SC is 'n 3-in-1 aktiewe bestanddeel mielie onkruiddoder met die hoogste asetochloor-inhoud (*28% meer as meeste mengsels tans beskikbaar*)
  - Die hoër asetochloor-inhoud dra by tot meer effektiewe onderdrukking van uintjies en beter beheer van grasspesies
  - Omdat minder triasiene toegedien word, is daar minder risiko vir opvolggewasse
- Calibre® SC bestaan uit drie aktiewe bestanddele en 'n beveiliger in 'n SC-formulasie en het die volgende voordele:
  - Skakel die moontlikheid vir foute uit wanneer tenkmengsels voorberei word
  - Spaar tyd deur 'n 3-in-1 onkruiddoder te gebruik tydens die plantproses
  - Die oplosmiddels in Calibre® SC verbeter die vroeë na-opkoms aktiwiteit van die klaargemengde produk teenoor die tenkmengsels van die drie aparte bestanddele



Calibre® SC aanwending in Devon. Mielies is 100% onkruidvry een maand na aanwending.



Calibre® SC aanwending in Devon. Mielies is 100% onkruidvry twee maande na aanwending.

AECI® PLANT HEALTH

ALGEMENE VRAE

Bevat Calibre® SC 'n beveiliger?

Ja, Calibre® SC bevat dichloormied wat voldoende beskerming aan mielies bied teen chloorasetanilied-skade.

Waarom het Calibre® SC twee toedienings dosisse per kleipersentasie?

Dit word gedoen sodat die hoër dosis slegs gebruik word om onkruid te beheer wat moeiliker is om te beheer of vir gebruik tydens droër grondtoestande. Die laer dosis word gebruik vir onkruide wat makliker is om te beheer of tydens toestande waar daar voldoende vog in die grond is.

Sal die hoeveelheid triasiene genoeg wees indien daar 'n hoër infestasie is van breëblaaronkruide wat dieper ontkiem?

Ja, maar indien die triasiene aangevul moet word om hierdie tipe onkruid te teiken, kan Atraflo 500 SC by die tenkmengsel gevoeg word saam met Calibre® SC (soos aanbeveel op die etiket).

Is Calibre® SC die enigste produk in sy marksegment wat beter beheer bied teen grasse?

Ja, Calibre® SC het die hoogste Asetochloor-inhoud in vergelyking met soortgelyke produkte in hierdie marksegment. Hoe hoër die hoeveelheid asetochloor in die mengsel, hoe beter is die grasbeheer.



Calibre® SC Reg. Nr. L7607, Wet No. 36 of 1947

Aktiewe bestanddele:

Asetochloor (chloorasetanilied)	350 g/ℓ
Atrasien (triasien)	175 g/ℓ
Terbutielasien (triasien)	175 g/ℓ
Diklormied (beveiliger)	48 g/ℓ

GEVAAR

GHS Gevaarverklarings:

- Veroorsaak velirritasie.
- Veroorsaak ernstige oogskade.
- Mag allergiese velreaksie veroorsaak.
- Mag lugwegirritasie veroorsaak.
- Vermoede dat dit kanker veroorsaak.
- Vermoede dat dit vrugbaarheid beskadig.
- Mag skade aan die niere veroorsaak deur langdurige of herhaalde blootstelling indien ingeasem.
- Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.
- Mag skade aan organe veroorsaak deur langdurige of herhaalde blootstelling.
- Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.

CALIBRE® SC 'n geregistreerde handelsmerk van AECI® Beperk.

Atraflo 500 SC Reg. Nr. L5504, Wet No. 36 of 1947

Aktiewe bestanddeel:

Atrasien (triasiene)	500 g/ℓ

WAARSKUWING

GHS Gevaarverklarings:

- Mag allergiese velreaksie veroorsaak.
- Veroorsaak ernstige oogirritasie.
- Mag skade aan organe veroorsaak deur langdurige of herhaalde blootstelling.
- Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.

Atraflo 500 SC 'n geregistreerde handelsmerk van AECI® Beperk.

AECI® Chem Park, 200 Bergrivier Drive, Chloorkop, Kempton Park, 1619
T: +27 11 823 8000 **E:** planthealth@aeciworld.com **W:** aeciph.com

AECI® PLANT HEALTH